PREEK 05 APRIL 2020 OGGENDDIENS NG RIETFONTEIN-SUID

[**PALMSONDAG** - **BEGIN VAN DIE GROOT LYDENSWEEK**]

VOTUM: [Sagaria 9:9]

Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie.

SEËNGROET: [Openbaring 1:4b-5a]

Genade en vrede vir jóú van Hom wat is en wat was en wat kom, en van Jesus Christus, die Een wat jóú innig liefhet en deur Sy bloed jóú van sonde verlos het.

LIED: Liedboek 547 - Alle volke, klap julle hande.

GEBED: Here, U Woord is waar en ek glo dit en bely dit met my mond. Here, ek neem U op U Woord dat U my en my gesin sal beskerm en bewaak dag vir dag. Stort asseblief U Gees en seëninge uit op my en my gesin. Amen.

SKRIFLESING: JOHANNES 12:12-15; 20-33

[Inleiding]

In Johannes 12 is Jesus op die hoogtepunt van Sy sukses en gewildheid. Die nuus van Sy wonders, genesings en Lasarus se opwekking uit die dood het soos ’n veldbrand versprei. In al hoe méér Jode het die verwagting begin groei dat hierdie Jesus dalk die Messias is. Die Een wat hulle sou bevry van die Romeinse Ryk.

Terwyl Jesus Jerusalem op ’n donkie binnery ontvang die mense Hom soos ’n Koning. Met Paasfees wat naby was, waar die Jode die bevryding uit Egipte herdenk het, het almal gedink dis nou die tyd wat Israel weer bevry sal word. Hulle hardloop Jesus tegemoet met palmtakke. Hulle gooi kledingstukke op die pad. Wyd en suid verkondig hulle dat hulle verlosser is hier. Almal sing lofliedere. Letterlik in vers 13 staan daar: *Hulle het uitgeroep Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here*. Die mense is opgewonde. Daar’s ’n vrolike atmosfeer van afwagting. Jesus het gróót dinge gedoen. En almal verwag dat daar nóg groter dinge gaan gebeur.

Maar ’n paar dae later het die mense se lof vir Jesus stil geword in Jerusalem. Dieselfde skare wat “Hosanna” vir Jesus uitgeroep het, skree later “kruisig Hom.”

Dieselfde skare wat Jesus met palmtakke ingewag het, het Hom teen Donderdagaand uitgelewer. Die atmosfeer van opgewondheid het vol weersin en wraak geword. Waar Jesus se intog in Jerusalem begin het met feesvieringe, eindig dit met lyding en Sy kruisiging.

Nou kan ons onsself afvra:

- **Wat het gebeur?**
- **Hoekom het Jesus se triomfantlike intog geëindig in ’n lydensweek?**

Om hierop ’n antwoord te kry, moet ons ’n bietjie dieper kyk na die Jode se verwagtinge van ’n Messias. Want op een of ander manier het Jesus nie aan hulle verwagtinge voldoen nie. Jesus het eintlik hulle gedagtes oor die Messias en wat die Messias kom doen het, heeltemal omgekeer.

JODE SE VERWAGTINGE: - [Joh 12:12-15]

Die Jode het vir lank na vryheid gesmag. Vir jare het die Romeinse owerheid oor Israel geheers. En die Jode het hulle gehaat. Die Romeine het sosiale, politieke en militêre mag gehad. Waar ons vandag afhanklik is van olie uit die midde-Ooste, was die Romeinse Ryk afhanklik van graan en ander landbouprodukte uit Israel en van die omliggende lande. Rome kon nie sy eie bevolking voed nie. En daarom het die Romeinse Ryk die Jode uitgebuit. En hulle op alle terreine misbruik. Die Jode het swaar betaal op belasting. Die meeste van hulle het gesukkel om ’n bestaan te maak.

Oor die jare heen het die Jode die verwagting begin koester dat God iewers sal ingryp. En Sy regering op aarde vestig. Hierin het die profete ook ’n groot rol gespeel. Die profete het gereeld die volk bemoedig met profesieë dat hulle die stad Jerusalem sou terugkry; hulle sou ’n magtige koning kry wat heers en al die konings van die wêreld sou voor hulle kom buig. Daarom was die Jode se prentjie van ’n Messias iemand wat ’n onoorwinbare wêreldheerser is. Wanneer Jesus in Jerusalem aankom, sien hulle dit as ’n politieke intog. Hulle sien ’n politieke bevryder. Iemand wat hulle sou help om die Romeinse juk af te gooi.

- Maar vir Jesus kom God se Koninkryk nie deur mag en geweld nie. **Maar deur die ónmag van Iemand wat alles prysgegee het**. God se Koninkryk

kom deur nederigheid en selfverloëning. Die Koninkryk kom nie deur dominansie van bo nie, maar deur nederige diens. Jesus het die hart van God se Koninkryk uitgeleef in ’n nederige lewe van omgee, egtheid, genade en liefde.

- Met die intog, beeld Jesus dit veral uit in die manier hoe Hy Jerusalem binne kom. Enige koning het altyd op ’n oorlogsperd gery. Maar Jesus kies ’n donkie. Só nederig en sonder aansien. Jesus wil hiermee sê Hy bring vrede. Nie die vrede van ’n swaard nie. Maar die vrede van God. Jesus kom as ’n Koning wat die vyand nie gaan vernietig met ’n swaard of aardse leer nie, maar met ’n kruis.

JESUS: SEUN VAN DIE MENS - [Joh12:20-23, 27-32]
Een van Jesus se gunsteling terme wat Hy gebruik het om na Homself te verwys is Seun van die Mens. En dis ook ’n term wat baie bekend was vir die Jode. Hulle het dit geken uit ’n visioen van Daniël [7:13-14, 12:2]. Maar die Jode het hierdie visioen van Daniël in verband gebring met mag en iemand wat aardse voorspoed sou bring. Die Seun van die Mens moes al hulle vyande vernietig. En hulle die magtigste volk in die wêreld maak.

Maar as Jesus die term Seun van die Mens gebruik, dan gebruik Hy dit elke keer om te verwys na Sy lyding en sterwe [Joh 12:23-24]. Jesus se verheerliking het nie gelê in aardse trone en wêreldse mag nie. Maar in ’n kruis. **Jesus sit koninkryk en kruis langs mekaar**. In Jesus se kruisiging breek die oomblik aan wanneer Hy as Koning op die troon gaan sit. Johannes beklemton dit veral in sy Evangelie dat Jesus se kruisiging is Sy verhoging!

Maar hierdie verheerliking van Jesus as ’n *gebreekte offer aan* die kruis was net té radikaal vir die godsdienstiges. Hierdie vreemde verheerliking was ongemaklik en aanstootlik. Die kruis was bedoel vir slegte mense en misdadigers en geen Messias sou tog ooit daar kon beland nie. Iemand skryf een keer oor die kruis dat: *This was not the glory of fame, but the glory of shame*. Hulle het nie kans gesien vir ’n Gekruisigde Messias vol skaamte nie.

- Daarom is palmsondag ook bietjie van ’n hartseer Sondag. Dit herinner ons hoe maklik dit is om die suksesvolle te aanbid en die lydende te ignoreer en selfs verwerp. Dis maklik om palmtakke te

swaai vir die een wat jou lewe gemaklik kan maak. Maar wie wil ’n Koning hê wat aan ’n kruis gaan sterf? Vir die godsdienstiges was die kruis ’n teken van mislukking. Ons hou nie van mislukking nie. Ons kan maklik mislukking inruil vir iets wat dalk beter is. En presies dit het die Jode gedoen. Hulle het Jesus later in die week ingeruil vir Barabbas. Want in hulle oë het Barabbas darem iets probeer doen aan die Romeinse onderdrukking.

Die Jode het ook geglo dat die Seun van die Mens sou net optree as verlosser vir hulle volk alleen. Hy sou net Israel herstel en al die ander nasies verpletter.

In Johannes 12:20 is daar ’n klompie Grieke wat Jesus nader. Maar die Grieke het eintlik ’n probleem gehad. Die tempel, wat die plek was waar mens God kan ontmoet was nie oop vir hulle nie. Hulle het waarskynlik gekom om die ware God te leer ken, maar Jode het nie mense van heidense herkoms nie toegelaat nie. Daarom besluit hulle om na Jesus toe te gaan.

In vers 32 [DV] lees ons dat Jesus vir hulle sê: *(Die) Seun van die Mens gaan van die aarde af verhoog word en Hy gaan almal na Hom toe trek*. Jesus se verlossing was nie net vir die Jode nie, maar vir die hele wêreld en al sy mense. **Die kruis trek álle mense**. In Jesus se hele lewenswandel het Hy gewys dat daars plek vir sondaars, eerloses en nie-Jode binne die koninkryk van God. Jesus het toegelaat dat onrein mense hulle hande uitsteek, aan Sy voete raak, aan Sy klere vat sonder om te vrees dat Hy hulle sou straf of verneder. Jesus maak heel. En Hy maak skoon.

Jesus het ’n diep liefde vir élke mens. Asof dit nie genoeg was dat Jesus met sondaars, siekes en tollenaars meng nie, word al hierdie randfigure ingetrek in God se Koninkryk. Al die mense wat die Jode uitgesluit het, kom sluit Jesus in.

- Vir ons is dit dalk een van die grootste wonders van die Evangelie. Hoe Jesus ons elkeen innooi in ’n diep en liefdevolle verhouding met God [Joh 20:17].

’n Laaste gedagte wat anders is oor die Seun van die Mens, is die **magte** wat Hy kom oorwin het [Joh 12:3]. Die standaard Joodse verwagting was ’n aardse koning wat op ’n aardse troon sou sit. Maar Jesus wou eerder ons grootste vyande oorwin. Die sonde waarin ons so vasgevang is, die mag van die bose en die dood wou Hy

oorwin. Die heerlikheid wat die kruisiging vir ons gee is dat Jesus alle magte van die wêreld oorwin, ook die straf en oordeel waaronder ons vasgevang was. Vir elke lewe wat verdonker word deur mislukking, kom gee Jesus se kruisiging vergifnis. Die Een wat die reg het om jou te veroordeel, het die moontlikheid voorsien om jou vry te spreek. Vir ’n hart wat geskend word deur sinloosheid, kom gee Jesus se kruisiging ’n lewensdoel. Iemand is in beheer en jý het ’n doel. Vir elkeen van ons wat iewers by ’n oop graf staan, bewys Jesus se kruisiging dat die dood het nie die finale sê nie. Ook nie Covid-19 nie. Jesus kom gee vir ons ’n toekoms!

NAVOLGING: [Johannes 12:24-26]

Om die Messias te volg wat die Jode verwag het, sou aardse voorspoed beteken. Hulle sou in sy glorie en mag deel. Hulle sou ook verhewe wees bo al die ander nasies. Ons wil partykeer Jesus los maak van Sy lyding en die kruis. Juis omdat Sy opneem van die kruis impliseer dat ons ook ’n kruis moet opneem. Jesus se lyding beteken dat ons ook bereid moet wees om te ly. Maar wanneer Jesus praat oor dissipelskap, gebruik Hy die prentjie van ’n korringkorrel wat in die grond moet val en sterf. Vir Jesus is daar nie ’n kortpad na ware Christenwees nie. **Jesus se kruis maak van ons almal kruisdraers**. Ons moet ook soos ’n koringkorrel in die grond val en sterf.

C.S. Lewis beskryf hierdie “sterf” baie mooi: *The terrible thing, the almost impossible thing, is to hand over your whole self ... But Christ say: Give me all. I don’t want so much of your time and so much of your money and so much of your work: I want yóú*. Om Jesus na te volg beteken totale oorgawe om aan jouself te sterf. Om jou eie belange, gerief, agendas en planne prys te gee. Om die volle beheer van jou lewe aan Hom oor te gee. Om Jesus te volg is iets wat ons hele lewe raak. Wanneer ons kies om Hom te volg, draai ons weg van die kroon en troon van aardse sukses. Ons kies ’n pad van nederigheid, ’n pad van ware liefde wat sal opoffer en dien. Ons kies ’n pad waar ons omgee vir die “ander” en die “hulle” van wie ons nie hou nie. Ons kies ’n pad waar die eie-ek al hoe minder word. Mag die Here ons elkeen in hierdie lydensweek en Paasnaweek opnuut wys hoe Hy meer kan word in ons lewens.

GEBED

SEËN:

Die Here het jóú lyding op Hom geneem.
Hy was siek sodat jý gesond kan wees.
Hy het swaargekry sodat jý nie swaar sal kry nie.
Hy't die straf gedra sodat dit goed kan gaan met jóú.
Die Here is met jóú en sal jóú ryklik seën. Amen.

AKTIWITEIT: Aangesien dit vandag Palmsondag is, kan dit sinvol wees om vir jouself 'n kruisie uit 'n palmblaar te vou en so jouself te herinner wat Jesus vir jou gedoen het.